

11 Mei

Matteus 6: 19-34

(Teks: 6: 22-23)

### ***Die Here alleen gee ware sekuriteit***

Elke mens soek na sekuriteit. Jy wil veilig voel en ook seker wees dat jy in die toekoms nog vir jou en jou gesin sal kan sorg. Om jouself te beveilig en voorsiening te maak vir die toekoms is nie sondig nie. Die vraag is egter: *Waar soek jy hierdie sekuriteit?* Soek jy dit by God of by jou goed?

Jesus leer ons dat waar jy hierdie sekuriteit soek, bepaal word deur jou oog. Daarom praat Hy van 'n oog wat sleg is. Wanneer jou oog goed is, is dit net op een plek gefokus. Dit is net op die Here gefokus en op die onvernietigbare rykdom wat Jesus Self vir jou verdien het. Sy lig skyn dan deur jou oog en verlig jou hele lewe.

Maar wanneer jou oog sleg is, het jy dubbelvisie. Jy soek jou sekuriteit op twee plekke. Jy kyk op na die Here toe, maar terselfdertyd ook na jou goed (Mammon - vers 24). Dit bring geen rustigheid en sekuriteit in jou lewe nie. Jy is altyd gespanne en gejaagd en bekommerd.

Daarom sê Jesus: *"Moenie vir julle skatte op die aarde bymekaar maak nie..."* en dan dink jou sekuriteit lê daar nie. Want aardse skatte kan vernietig en verwoes word deur motte en roes en diewe. *"Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar..."* Soek jou sekuriteit by die Here in die hemel. Hou jou oog net op Hom gefokus. Doen wat binne jou vermoë as mens is en laat dit wat bo jou vermoë is rustig in sy hande. Hy sal daarvoor sorg (verse 25-34).

Sing Psalm 146:1,2 en 3

Ds. C. Krüger (Nelspruit)